

# Inleiding tot die hulpbron

Beste Onderwyser

## Kurrikulum

Die hulpbron-pakket *Donkiehappies* is bedoel vir die laerskool - klaskamer. Dit bevat inligting, prente, stories, gedigte en werkvelle ontwerp rondom die donkie-tema. Die pakket kan gebruik word vir alle grade in die laerskool aangesien daar iets vir almal is.

Hierdie, die tweede uitgawe van die hulpbron-pakket, is aangepas in lyn met die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV). Dit handhaaf die KABV klem op geïntegreerde taalonderrig deur middel van 'n benadering wat op teks gegrond is.

## Hulpbron formaat

U sal 3 vouers op die CD vind:

1. Lesse wat inligting, stories en werkvelle insluit.
2. Antwoorde.
3. Aanvullende materiaal wat foto's insluit.

Elke dokument het die volgende onderaan die eerste bladsy:

1. Die naam van die lêer gevolg deur
2. Die KABV aanwysing.

Die INHOUD lêer. bestaan uit 'n numeriese **inhoudsopgawe** met 4 kolomme wat die volgende weergee:

1. Die nommer van die lêer. (antwoordvelle het dieselfde nommer as die lesvel).
2. Die naam van die lêer.
3. Die naam van die les.
4. Die KABV aanwysing.

Aangesien kinders hou van stories, is die stories bo-aan elke graad, ongeag hulle KABV onderwerp. Daarna is die volgorde van die vouers as volg: Taalvouers, Wiskundevouers en laastens ander vakke/leerareas.

Indien 'n vouer 'n werkvel insluit **waarop** die kinders skryf (en op hul eie doen), is die woord *werkvel* aangebring in die vouerbenoeming. Dit verskil dus van vouers waar kinders deur die onderwyser/opvoeder gelei word of waar hulle in hul boeke moet skryf.

Die taalwerkvelle verwys na 'n storie of inligtingstek. Hierdie is numeries met **a** of **b** na die vouernommer, byvoorbeeld, vouer **18** is 'n storie, **18a** is 'n begripstoets gebaseer op dieselfde storie, en **18b** is 'n oefening met byvoeglike naamwoorde wat ook die storie as verwysing gebruik. Die natuurwetenskapvouers vir Graag 4 is soortgelyk gemerk, aangesien almal dieselfde tema behels.

## Gebruik van die hulpbron

Elke vouer het slegs een KABV aanwysing maar in werklikheid kan heel party verskeie KABV verwysings ontvang. Byvoorbeeld, die stories kan by *Kyk en Lees* of by *Luister en praat* inpas. Verder kan stories gebruik word om te fokus op 'n verskeidenheid **onderliggende vaardighede** bv. Woordeskat, wordeboekwerk, leesstrategieë, kernidees. Die aanwysings wat aangebring is is slegs 'n voorstel.

Die **hulpbronne is aanpasbaar** en om die rede sal u oplet dat sommige bronne herhaal word. Die les *Versorging van 'n donkie* vind u in Graad 1 waar die onderwyser dit gebruik vir bespreking. Dit word ook gebruik in Graad 4 vir Lees en Kyk. So ook word die storie *Vuyo en Unam* gebruik as besprekingspunt om gevoelens te herken in Graad 3 terwyl in Graad 4 dit aangewend word vir lees, begrip en taal. Die liedjie en toneelstuk is slegs vir een graad aangewys, maar ook die bronne kan deur verskeie grade gebruik word.

Oor die algemeen moet die Wiskundewerkvle hoofsaaklik gebruik word deur die grade waarvoor dit bedoel is. Dieselfde werkvle kan egter deur verskillende grade gebruik word aangesien die meeste onderwysers leerders wat op verskeie vlakke is in een klas akkommodeer. Op die manier kan die werkvle aangewend word om meer gevorderde leerders of diegene wat sukkel besig te hou terwyl die onderwyser met die hoofgroep werk. Al die syfervaardigheid-werkvle kan gebruik word vir **hersiening**.

Beide taal-en wiskundewerkvle kan vir **assessering** benut word.

## Hulpbron-vouerformaat

Al die vouers is in PDF-formaat. As u die oorspronklike MS Word formaat wil bekom (party is in MS Publisher) sodat u dit kan verander en aanpas volgens u leerders se behoeftes, kontak ons asseblief.

## Ander hulpbronne

Afgesien van die bronne in die bibliografie is daar ook bykomende bronne wat stories en webwerwe insluit.

## Kopiereg

U is welkom om die hulpbronne te deel met enige onderwysers hetsy in u of ander skole. Ons versoek u slegs om vir die Eseltjiesrus Donkey Sanctuary erkenning te gee as die outeur.

## Besoek Eseltjiesrus Donkey Sanctuary

Ons beveel u ten sterkste aan om Eseltjiesrus Donkey Sanctuary te besoek indien dit enigsins moontlik is, sodat leerders eerstehandse ondervinding van die donkies kan kry. Ons skoolprogramme kan spesifiek ontwerp word vir teiken groepe, insluitende groepe met spesiale behoeftes. Die program is beskikbaar vir leerders vanaf pre-primêr tot junior hoërskool. Die besoek sal die geleentheid skep om te leer wat donkies werklik nodig het en hoe om hulle en ander diere te versorg. Leerders kan aan die donkies vat. Ander aspekte van die program behels 'n storie en werkvle om te voltooi.

## **Eseltjiesrus Donkey Sanctuary**

Eseltjiesrus Donkey Sanctuary is geleë net 5km buite die dorpie McGregor op die pad tussen Robertson en McGregor op die rand van die Kleinkaroo. Die toevlugsoord bied 'n permanente heenkome en sorg vir mishandelde, verwaarloosde en ou donkies. Ons leuse is eenvoudig: "'n Kultuur van omgee". Eseltjiesrus is 'n geregistreerde welsynsorganisasie en ons webwerf ([www.donkeysanctuary.co.za](http://www.donkeysanctuary.co.za)) voorsien volledige besonderhede van ons werk.

## **Kontak**

Kontak ons gerus vir 'n besoek of as u enige vrae het aangaande die hulpbronnepakket. Die telefoonnommer is 023 625 1593, die e-pos adres is: [education@donkeysanctuary.co.za](mailto:education@donkeysanctuary.co.za) of skryf aan Posbus 29, McGregor, 6708, Suid-Afrika.